

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 1:1-14 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 1:5, 10

Adonia – Die Here besluit wat ons in die lewe toekom

Die nuwe jaar het maar onlangs begin. Wat verwag jy van die nuwe jaar? Waarna streef jy in jou werk, jou persoonlike lewe, jou huwelik, jou nuwe skooljaar?

Dit is goed om doelwitte en ambisie te hê en dit na te jaag, maar as gelowiges moet ons steeds weet: doen dit in diepe nederigheid en met die wete dat die Here alleen besluit wat ons toekom en wat met ons gebeur.

In Adonia (my heer is die HERE), die vierde seun van Dawid, tref ons iemand aan wat juis nie so opgetree het nie. Sy pa, koning Dawid, is naby sy einde. Adonia het op sy eie en vol hoogmoed besluit dat hy sy pa as koning gaan opvolg. Uit sy gedagtes volgens vers 5 blyk sy hoogmoed en die feit dat hy oor hierdie saak glad nie met die wil van die Here rekening gehou het nie. Hy dink vol hoogmoed by homself: “Ek gaan binnekort koning word.”

Dat hy nie met die Here oor hierdie groot saak rekening gehou het nie, word verder duidelik wanneer ons kyk wie hy nie na sy inhuldigingsplegtigheid as koning nooi nie. Hy nooi nie vir Natan, die profeet van die Here wat die wil van die Here geken het en hom sou keer nie. Hy nooi ook nie sy pa, koning Dawid nie, en ook nie sy broer Salomo wat deur die Here aangewys is om koning te word nie. Hulle sou hom verseker teengestaan het. Dit is duidelik dat hy in sy ambisie om koning te word, nie met die Here omgegaan het nie.

Ja, dit is goed om wilskrag en ambisie in ons lewens te hê. Dit moet egter altyd met ’n lewende verhouding tot die Here, Jesus Christus, gepaardgaan, waar ons in diepe nederigheid die dinge najaag wat volgens sy wil is en altyd weet: Hy is Koning oor my lewe, Hy besluit wat my toekom.

Sing: Psalm 138:1, 3 (1936)